**OESTERBAAI INWONERSVERENIGING / OYSTER BAY RESIDENTS' ASSOCIATION**

**NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 21 DESEMBER 2021 OM 10:00 IN DIE OESTERBAAI GEMEENSKAPSAAL / MINUTES OF THE ANNUAL GENERAL MEETING HELD ON 21 DECEMBER 2021 AT 10:00 IN THE OYSTER BAY COMMUNITY HALL**

| | |
|---|---|
| **1. OPENING**<br>Walter open met die vergadering met gebed. | **1. OPENING**<br>Walter opened the meeting with a prayer. |
| **2. VERWELKOMING**<br>Walter heet alle inwoners en besoekers welkom. Hy stel die bestuurskomiteelede voor aan die vergadering. | **2. WELCOME**<br>Walter welcomed all residents and visitors present. He introduced the Management Committee members. |
| **3. VERSKONINGS**<br>Riekie Pienaar, Krisjan Korf, Elize Knoetse, Wendy Heard, Angelique Sevenster, Rinza en Kiggie Botha, Coreen Nagel, Anette Blankinsop. | **3. APOLOGIES**<br>Riekie Pienaar, Krisjan Korf, Elize Knoetse, Wendy Heard, Angelique Sevenster, Rinza en Kiggie Botha, Coreen Nagel, Anette Blankinsop. |
| **4. AANVAARDING VAN NOTULE AJV 2020**<br>Die notule van die AJV 2020 is aan alle lede per WhatsApp gestuur en op die Oesterbaai.info webtuiste geplaas.<br><br>Die notule word aanvaar.<br>Voorgestel deur: Joe Meyer<br>Gesekondeer deur: Johan Jacobs | **4. ACCEPTANCE OF MINUTES AGM 2020**<br>The minutes of the AGM 2020 had been sent to all members per WhatsApp and were posted on the Oesterbaai.info website.<br><br>The minutes were accepted.<br>Proposed by: Joe Meyer.<br>Seconded by: Johan Jacobs |
| **5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**<br>Walter verneem na enige bykomende sake. Die wandelpad word bygevoeg.<br><br>Alle sake is vervat in die Voorsittersverslag. | **5. MATTERS FROM PREVIOUS MINUTES**<br>Walter enquired for any additional matters for discussion. The hiking trail was added.<br><br>All matters were included in the Chairman's Report. |
| **6. VOORSITTERSVERSLAG 2021**<br>Walter bedank Mias Strydom vir die gratis gebruik van sy Webtuiste en sy pligsgetroue plasing van al die OIV dokumente daarop.<br><br>Die voorsittersverslag is op die webwerf beskikbaar. Die belangrikste punte word uitgelig. Vrae is welkom. | **6. CHAIRMAN'S REPORT 2021**<br>Walter thanked Mias Strydom for the free utilization of his Website and his diligent placement of all OBRA documents.<br><br>The Chairman's Report is available on the website. The most important points were enlightened. Questions were invited. |
| **6.1 COVID 19 PANDEMIE**<br>Walter lig die vergadering in dat inligting gereeld gedurende die verslag tydperk oor die voorkoms van Covid 19-infeksies aan besorgde lede voorsien is. Ons het nie hierdie inligting | **6.1COVID 19 PANDEMIC**<br>Walter mentioned that he provided information about the number of Covid infections to concerned members on request. This information was not shared on our WhatsApp groups, |

| | |
|---|---|
| op ons WhatsApp groepe gedeel nie, omdat die syfers nooit 'n bron van kommer was nie. Ons is nie bewus van enige sterftes aan Covid 19 waar die infeksie in Oesterbaai, of Umzamowethu, plaasgevind het nie. Die Kouga Munisipaliteit se Facebook blad plaas gereeld Covid 19-statistieke van die Sara Baartman Distriksmunisipaliteit. Die groot woongebiede, o.a. Humansdorp, St Francis, Jeffreysbaai en Hankey is gereeld as "Hotspot" areas aangedui. ("Hotspot verwys na die aantal infeksies per bevolking). Versoeke is ontvang vir die bekendmaking van die identiteit van Covid geïnfekteerdes. Dit word vertrou dat inwoners begrip hê dat dit wetlik uiters onverantwoordelik en strafbaar is om sulke inligting bekend te maak.<br><br>Ons het vertoë gerig vir 'n Covid inentingskliniek in Oesterbaai. Amptenare van die Departement van Gesondheid het wel by twee geleenthede die Gemeenskapsaal besoek om die geskiktheid vir 'n inentingskliniek te bepaal en aangedui dat dit aan al die vereistes daarvoor voldoen. Ongelukkig moet inwoners steeds Humansdorp toe gaan vir inentings. Dit maak dit vir die inwoners van Umzamowethu baie moeilik, vanweë die kostes en 'n dag van die werk af. Die inentingskoers is dus uiters laag.<br><br>Walter noem dat die inwoners van Oesterbaai grootliks gespaar is van die pandemie. Hy simpatiseer egter met verskeie gesinne wat elders permanent woon, wat wel familie aan die dood moes afstaan. Verskeie van hulle het 'n lang verbintenis met Oesterbaai gehad. Hy meld in die verband die Van Rensburg gesin wat 'n pa en seun verloor het.<br><br>**6.2 OMGEWINGSAKE**<br>Walter bedank Joe vir sy harde werk en stel hom aan die woord.<br><br>Joe noem dat die Kouga Munisipaliteit Bestuurslede verander het. Die duine het verander en daar was weer sand in Banderstraat. Inwoners en vakansiegangers was geïrriteerd met die werk op die duine wat tot 10 Desember geduur het. Joe noem dat hy nie vroeër met die werk kon begin nie, weens sy vrou se gesondheid. | because the number of infections has never been a matter of concern. We are not aware of any deaths due to Covid 19, which was a result of an infection contracted in Oyster Bay or Umzamowethu. The Kouga Municipality's Face Book page frequently publishes Covid 19 statistics for the Sara Baartman District Municipality. The larger Towns, including Humansdorp, St Francis, Jeffreys Bay and Hankey were often identified as Hotspot areas (referring to the number of infections in relation to the population in the area). Requests were received for the identity of people infected. To comply with such requests will be punishable in terms of the law.<br><br>We made representations to the authorities to have an immunization clinic in Oyster Bay. Officials of the Department of Health visited the Community Hall at two occasions to evaluate if the hall will be adequate as an immunization site. Both times they indicated that the Hall does comply with their requirements. Residents unfortunately have to travel to Humansdorp for their immunization. Residents of Umzamowethu cannot afford the travel expenses and to stay away from work for a day. The number of people immunized is as a result extremely low.<br><br>Walter mentioned that the Oyster Bay residents were largely spared from the pandemic. He gave his condolences to the families with a long association with Oyster Bay, but living elsewhere, who lost loved ones. He mentioned the Van Rensburg family who lost a father and son.<br><br>**6.2 ENVIRONMENTAL MATTERS**<br>Walter thanked Joe for his hard work and invites him to address the meeting.<br><br>Joe mentioned that that the management of the Kouga Municipality changed. The dunes changed and sand accumulated again in Brander Street. Residents and holiday people were irritated by the work on the dunes which continued until 10 December. Joe mentioned that he could not start with the work earlier, |

| | |
|---|---|
| Joe sê dat die duine nie net gelos kan word nie, mense sal eiendom verloor. Daar moet inklusief na Oesterbaai gekyk word. Die mense wat onder bly, het groot risiko's. Die risiko's moet hanteer word. Water vir beplanting van die duine mag nie tans gebruik word nie. Planne vir boorgate en besproeiing word nog bespreek. Indien die duine toegeplant is, sal die huise veilig wees. Hy sê ons moet handhaaf en beskerm wat ons het. Daarom word instandhouding 2/3 maal per jaar gedoen. Die sand word in slote opgevang om die vlak van die duine te handhaaf. Die duinplante wat gekweek word moet lang wortels hê, sodat die natuurlike vog op die duine gebruik kan word.<br><br>Joe noem dat Christa Venter van die Munisipaliteit hom gekontak het met omvattende verslae en foto's. Hy noem ook dat inwoners aanvanklik self betaal het.<br><br>Joe lig die vergadering in dat Elmarie Meyer van Oesterbaai Eiendomme bevestig het dat die beleggings in Oesterbaai, selfs ten spyte van Covid, verbeter.<br><br>Johan Bouwer van Branderstraat het baie skade gehad. Hy bedank Joe vir sy werk en nooi mense om te kom kyk na die omstandighede en die impak van die sand op huise. Mense moet na die feite kyk.<br><br>Walter noem dat die werk by die Slangriviermonding vrugte afwerp. Die monding het die hele jaar oopgebly t.s.v. die minder reën.<br><br>**6.3 WATERVOORSIENING**<br>Walter deel die vergadering mee dat die watervoorsiening in Oesterbaai die afgelope jaar minder probleme opgelewer het as in die verlede. Buks het gesorg dat die enkele gebarste pype onmiddellik aandag geniet. Die samewerking van die munisipale amptenare in die verband is baie goed.<br><br>Walter bedank Otto en Buks. Buks noem dat die voorsiening tans 300 m³ meer is as wat verbruik word. Walter noem dat die Kouga Munisipaliteit steeds streng waterbeperkings in | due to his spouse's health. Joe said that the dunes cannot be left without intervention. People will lose their properties. The situation should be approached inclusively. The people living below have huge risks, which must be addressed. Water may not be used for planting of the dunes. Plans for bore holes and irrigation are being discussed. When the dunes will be covered by vegetation, the houses will be safe. He said we should retain and protect what we have. It is therefore necessary to do maintenance 2/3 times per year. The moving sand is caught in ditches to maintain the level of the sand. The plants being cultivated must have long roots to utilize the natural moist in the sand.<br><br>Joe mentioned that Christa Venter of the Municipality approached him with comprehensive reports and photos. He further mentioned that residents initially footed the expenses.<br><br>Joe informed the meeting that Elmarie Meyer from Oyster Bay Real Estate confirmed that investment in Oyster Bay improves, irrespective of Covid.<br><br>Johan Bouwer, living in Brander Street, experienced serious damage to his property. He thanked Joe for his work and invited people to come and observe the circumstances and the impact of the sand on the houses. People must look at the facts.<br><br>Walter mentioned that the work at the Slang River mouth had good results. The mouth remained open for the whole year even though we had less rain.<br><br>**6.3 WATER SUPPLY**<br>Walter informed the meeting that much less problems were experienced with water supply in Oyster Bay the past year. Buks has seen to it that the few burst pipes received immediate attention. Co-operation of Municipal officials in this regard are good.<br><br>Walter thanked Otto and Buks. Buks mentioned that the supply is currently 300 m³ more than the consumption. Walter mentioned that the Kouga |

plek het en dat die gebruik van tuinslange verbied is.

Walter noem dat die watervoorsiening goed is, vanweë vertoë wat die OIV oor jare gerig het vir addisionele waterbronne wat deur die DA regering in plek gestel is.

**6.4 GEMEENSKAPSAAL**

Walter lig die vergadering in dat die aansoek vir die verlenging van die Memorandum van Onderneming (MOU) vir die bestuur van die Saal deur die OIV steeds nie gefinaliseer is nie. Die nuwe Speaker het ons wel meegedeel dat die saal vir ten minste nog 3 jaar onder die beheer van die OIV sal wees.

Walter gebruik Jeffreysbaai as voorbeeld waar groot skade aan die saal aangerig is, kort na opgradering, omdat daar nie beheer oor die sleutels en toegang is nie.

Die Munisipaliteit het reeds die jaar baie werk aan die saal gedoen. Ondernemings vir verdere verbeterings is gegee, o.a. ‘n nuwe bedekking vir die vloer en omheining van die saal.

Hy bedank Adriaan vir die bestuur van die saal asook vir Martiens en Buks vir hulp met die oopsluit van die saal.

Die saal is die afgelope jaar dikwels benut, o.a. vir ‘n Pilatusoefengroep wat die saal twee maal per week gebruik het, Sandwater Primêre skool het die saal vir ‘n paar weke gebruik terwyl bouwerk by die skool afgehandel is, die Verkiesingskommissie vir registrasie en verkiesing en Living Waters vir hul jaareindfunksie.

Walter noem dat die sekuriteitsmaatskappy wat die Munisipaliteit vir die gemeenskapsale aangestel het, vanaf Humansdorp opereer. Dit sal geen doel dien nie, want teen die tyd wat hulle hier kom, sal die skade reeds aangerig wees. Indien ‘n alarm snags geaktiveer is, moet die OIV self daarop reageer. Dit is daarom nodig om met die kontrak met Caliber Sekuriteit voort te gaan.

**6.5 AFVALSTORTINGSTERREIN**

Walter haal die volgende aan uit die

Municipality still has water restrictions in place. Usage of hose pipes is not allowed.

Walter mentioned that the good water supply is a result of the representations done by the OBRA over years for additional bore holes, which was facilitated by the DA government.

**6.4 COMMUNITY HALL**

Walter informed the meeting that the application for extension of the MOU for the management of the hall by the OBRA is still not finalized. The new Speaker informed us during a visit though that the hall will be managed by OBRA for at least another 3 years.

Walter used Jeffreys Bay Community Hall as an example of inadequate access control. The Hall was severely damaged shortly after it was upgraded.

The Municipality performed maintenance at the hall the past year. Undertakings for further improvements were given, amongst others a new floor covering and fencing of the hall.

He thanked Adriaan for the management of the hall and for assistance from Martiens and Buks for their support with the unlocking of the hall.

The hall was often utilised this year, amongst others by a Pilatus training group twice weekly; Sandwater Primary School also utilised the hall for a few weeks whilst building works were completed at the school; the IEC for the registration of voters and the elections; Living Waters for their yearend function.

Walter mentioned that the security company, utilized by the Municipality for community halls, operates from Humansdorp. This will not work for Oyster Bay. By the time they will respond, damage will already be done. Alarms after hours must be reacted to by the OBRA itself. The OBRA will therefor continue with the contract with Caliber Security.

**6.5 REFUGE DUMPING SITE**

| | |
|---|---|
| Voorsitterverslag: | Walter quotes as follows from the Chairman's Report: |
| Die bestuur en instandhouding van die afvalstortingsterrein bly problematies. Reaksie het gevolg nadat ons weer 'n amptelike klagte by die verantwoordelike munisipale amptenaar hieroor ingedien het. Die waghuis is herbou en die netheid het verbeter. | Management and maintenance of the dumping site remains problematic. After submission of a complaint to the responsible Municipal Manager, the site was tidied up The watch house was rebuilt and the neatness improved. |
| Ongelukkig ervaar ons dat sekere inwoners boumateriaalafval na-ure daar stort. Ons moedig die toesighouer aan om hierdie persone by die Munisipale Polisie aan te kla. Tans word die terrein weer na-ure gesluit. | Unfortunately some residents drop building rubbish there after hours. We encourage the Supervisor to report these residents to the Municipal Police. The site is now again locked after hours. |
| Die terrein is nie ideaal nie, maar is 'n groot verbetering op wat in die verlede beskikbaar was. Walter vra dat inwoners tuinafval kleiner sal sny en in sakke plaas en dit dan na die stortingsterrein sal neem. | The site is not ideal, but a huge improvement on what was available in the past. Walter request that garden refuge be cut in smaller pieces and placed in bags before taking it to the dumping site |
| **6.6 PAAIE** | **6.6 ROADS** |
| Walter bedank Buks en Joe. Buks het dadelik gesorg vir die herstel van die verspoelde paaie na goeie reën. Dit het verskeie oproepe benodig om gruis van die Munisipaliteit te bekom | Walter thanked Buks and Joe. Buks reacted promptly when the roads were damaged by heavy rains. Many phone calls were necessary to get the Municipality to provide the gravel needed. |
| Johan Bouwer noem dat die stormwater die fondasie van sy huis beskadig het. Hy versoek dat in ag geneem word wanneer die werk aan die duine gedoen word. | Johan Bouwer mentioned that the foundations of his house were damaged by storm water. He requested that it be taken into consideration in future road works. |
| Gerlinde doen 'n beroep op inwoners en vakansiegangers om by stopstrate te stop. Walter bedank die inwoners wat wel stoptekens gehoorsaam en noem dat die reaksie op verkeersreëls hierdie jaar beter is. | Garlanded requested that residents and visitors honor stop signs. Walter expressed his gratitude towards residents who obey stop signs and mentioned that the reaction to traffic rules is better this year. |
| **6.7 KOMMUNIKASIE EN NUUSBRIEWE** | **6.7 COMMUNICATION/NEWSLETTERS** |
| Walter meld dat voortgegaan is om die WhatsApp groepe funksioneel, tot voordeel van lede, aan te wend. Die inhoud word sover moontlik beperk tot sake van belang vir lede. Die kleiner "Oesterbaaiers" groep word gebruik vir persoonlike versoeke, soos versoeke vir hulp met die vervoer van goedere en medisyne uit die dorpe, beurtkrag en ander elektrisiteitsprobleme, waterprobleme, ens. | Walter mentioned that the WhatsApp groups were again used to keep members informed. Contents are as far as possible limited to matters of importance. The smaller "Oesterbaaiers" group are utilised for personal requests, for example requests for assistance with transporting of goods and medicine, load shedding and other electricity problems, water problems, etc. |
| Joe het aangebied om ons jaarlikse Desember Nuusbrief, Oesterbaai Nuus, hierdie jaar saam te stel. Elmarie Meyer van Oesterbaai | Joe offered to compose our annual Newsletter, Oyster Bay News, this year. Elmarie Meyer |

| | |
|---|---|
| Eiendomme het weer aangebied om die Nuusbrief te borg. Beide word bedank. | owner of Oesterbaai Eiendomme, again sponsored the Newsletter. Our sincere thanks to both. |
| **6.8 BRANDWEER**<br>Walter meld dat die bou van die brandweerdepot weer met die Burgemeester en Munisipale amptenare opgeneem is. Ons is meegedeel dat dit steeds nie van die prioriteitslys verwyder is nie en in hierdie termyn van die Munisipale Raad sal geskied. | **6.8 FIRE BRIGADE**<br>Walter mentioned that the building of the fire depot was again addressed with the Mayor and municipal officials. We were informed that it was not removed from the priority list and will receive attention during this term of the Municipal Council. |
| **6.9 UMZAMOWETHU**<br>Walter meld die volgende soos vervat in Voorsitterverslag: | **6.9 UMZAMOWETHU**<br>Walter quote the following from the Chairman report: |
| "Ons is uiters dankbaar dat die getal Covid infeksies tot enkeles beperk gebly het. Die hou van sosiale afstand bly 'n reuse uitdaging as gevolg van die haglike behuisingsituasie in Umzamowethu. | "We are grateful to report that the number of Covid infections was limited. Social distancing remains a huge challenge due to the critical housing situation in Umzamowethu. |
| Die skool is ook enkele kere gesluit vir sanitering, nadat enkele Covid infeksies voorgekom het. | The school was closed for limited times for sanitising when Covid infections occurred. |
| Die handvaardigheidsprojekte (OBZAMU) kon ook nog nie hervat word nie. Dit word wel vir 2022 beplan, afhangende van die Covid-pandemie. | The hand craft projects (OBZAMU) could not be resumed. It is planned though for 2022, depending on the Covid situation. |
| Die swak sosio-ekonomiese situasie, die gepaardgaande drank- en dwelmmisbruik en die toenemende werkloosheid, veral onder jongmense, bly die grootste uitdaging". | The bad socio economic situation, the associated alcohol and drug misuse and the increasing number of unemployed, especially the young, remains the most serious challenge". |
| Adriaan bedank die Gemeenskap van Oesterbaai vir elke huis in Umzamowethu wat kos, beddegoed, klere en selfs skryfbehoeftes gekry het. Hy noem dat 80% van die inwoners van Umzamowethu afhanklik is van toelaes. Hier is nie werk vir die mense nie. Jong kinders voltooi ook nie hulle skoolloopbaan nie en bly agter in Umzamowethu. | Adriaan thanked the Oyster Bay community for each house in Umzamowethu who received food, bedding, clothes and even stationary. He mentioned that 80% of Umzamowethu residents are dependent on social grants. Work opportunities do not exist. Children do not complete school training and is stuck in Umzamowethu. |
| Joe noem dat Oesterbaai se gemeenskap die situasie nie net kan los nie. Indien die pad geteer word, kan inwoners van Umzamowethu na Jeffreysbaai, Humansdorp of St. Francisbaai gaan vir werk. So kan die ekonomie verbeter. | Joe mentioned that Oyster Bay cannot ignore the situation. If the road can be tarred, residents of Umzamowethu can go to Jeffreys Bay, Humansdorp and St. Francis Bay to work. It will also improve the economy. |
| **6.10 KERSMARK**<br>Walter deel die vergadering mee dat die laat | **6.10 X-MAS MARKET AND CHRISTMAS SERVICE** |

| | |
|---|---|
| opheffing van die Covid 19-inperkings en die onsekerheid oor 'n verdere vlaag, het die reël van 'n Kersmark hierdie jaar in die wiele gery. | Walter informed the meeting that The late termination of the Covid 19 restrictions and uncertainty about a further wave of Covid 19 prevented the organizing of a Christmas market this year. |
| **6.11 KERSDIENS**<br>Walter meld dat die Bestuurskomitee wel 'n Kersdiens gereël het en spreek die hoop uit dat die Covid 19 pandemie dit nie in die wiele gaan ry nie. | **6.11 CHRISTMAS SERVICE**<br>Walter mentioned that the management Committee arranged a reverend for the Christmas Service and is hopeful that the Covid 19 pandemic will not result in cancellation of the service. |
| **6.12 FINANSIES**<br>Walter beklemtoon die afhanklikheid van die OIV van skenkings. Hy stel Martiens aan die woord.<br><br>Martiens noem dat die volledige state op die webwerf beskikbaar is.<br><br>(Sien State aangeheg)<br><br>Martiens bespreek die Inkomstes en Uitgawes.<br><br>Daar is 'n Netto Oorskot van R46 199.93. Dit was 'n goeie jaar vir die OIV.<br><br>Norman Fowler vra uit oor die beleggingsrekening en waar die OIV se geld belê word. Martiens verduidelik dat dit 'n vaste belegging by Absa is wat 4% verdien.<br><br>Kobus Fourie stel voor dat die geld op 'n langer termyn belê moet word sodat dit dalk beter rente kan verdien.<br><br>Martiens sal ondersoek instel oor die versoek.<br><br>Walter bedank Martiens vir sy deeglike werk. | **6.12 FINANCE**<br>Walter emphasized the dependence of the OBRA of donations. He introduced to the meeting.<br><br>Martiens mentioned that the financial statements are available on the website.<br><br>(Statements attached)<br><br>Martiens discussed the income and expenditure.<br><br>OBRA has a Surplus of R46 199.93. It was a good financial year for OBRA.<br><br>Norman Fowler enquired about the investment account and with which institution it is kept. Martiens explained that it is a fixed investment with Absa which currently earns 4%.<br><br>Kobus Fourie recommended that a longer investment period be used to optimize interest.<br><br>Martiens will investigate the request.<br><br>Walter thanked Martiens for his thorough work. |
| **6.13 LIDMAATSKAP**<br>Walter noem dat die ledetal van 171 na 194 vermeerder het. Huishoudings styg van 74 na 86. Hy doen 'n beroep op eienaars en inwoners dat elke lid van 'n gesin afsonderlik moet registreer. Hy vra ook die bestaande lede om aansoek vorms te neem en ander persone aan te moedig om lede te word. | **6.13 MEMBERSHIP**<br>Walter informed the meeting that the membership increased from 171 to 194. Households increased from 74 to 86. He urged property owners and residents to motivate each member of a family to register separately. He also requested members to take application forms and motivate other persons to become members. |
| **6.14 OMGEWINGSVERRYKING**<br>Walter lig die vergadering in dat die Munisipaliteit 'n groot agterstand het met die | **6.14 ENVIRONMENTAL ENRICHMENT**<br>Walter informed the meeting that the Municipality experiences a huge back log with |

| | |
|---|---|
| instandhouding van sypaadjies. Hulle het wel op versoek kom sny en het eers die afgelope week by die ontbossing van sypaadjies uitgekom. | the maintenance of the pavements. They did respond to requests to cut grass and has only arrived last week for the debushing of the pavements. |
| Die KYK-NET nominasie van St Francisbaai as Dorp van die jaar, het die Munisipaliteit baie besig gehou. | The Municipality spent a lot of time to get St Francis Bay ready after its KYK-NET nomination as Town of the year. |
| Johan Bouwer bedank die Bestuur vir die verfraaiing van die dorp, asook die inwoners wat self op die strand skoonmaak. Hy vra dat die vakansiemense ook sal help opruim. | Johan Bouwer thanked Management for the beautifying of the Town as well as residents who cleaned the beach. He also requested visitors to assist. |
| Daar word genoem dat die Tjokka bote die oorsaak is vir die vullis op die strand. Walter noem dat daar mense deur die Provinsie aangestel is om die strande op te ruim, maar dat hulle nie hulle werk doen nie. | It was mentioned that the Chokka boats are responsible for the rubbish on the beach. Walter mentioned that there are people appointed by the Province to clean up beaches, but they do not do their work. |
| Adrelise stel voor dat die hawekaptein geskakel moet word oor die vullis wat van die bote afgegooi word. | Adrelise recommended that the Port Captain be contacted about the boats dumping their rubbish in the sea. |
| Gerlinde noem dat daar baie mense met voertuie op die strand ry, t.s.v. wetgewing. | Gerlinde mentioned that many people are driving their vehicles on the beach although legislation exists against it. |
| Walter noem dat daar persone met permitte is. Daar is onlangs groot nuwe borde by die strand opgesit om mense in kennis te stel van boetes. Die Bestuur is nie by magte om die oortreders te konfronteer nie en het ook nie die mannekrag om die situasie voortdurend dop te hou nie. | Walter mentioned that a number of people have permits. Large notice boards were erected recently at the entrance to the beach informing people of fines for illegal driving on the beach. OBRA Management does not have the power to confront the transgressors and do not have the manpower to monitor the situation. |
| Jan Nienaber van SMHART Sekuriteit noem dat hulle patrollies doen en persone kan waarsku om nie op die strand te ry nie. Hy waarsku inwoners en vakansiegangers ook oor jong seuns wat geld vra. | Jan Nienaber of SMHART Security mentioned that they do perform patrols and that they can warn people to not drive on the beach. He also warned residents and visitors against young boys, requesting money. |
| Willem van der Merwe noem dat hy reg by die strandingang bly en dat daar tans baie minder voertuie op die strand ry as vroeër. | Willen van der Merwe mentioned that he lives at the beach entrance and that fewer people access the beach in vehicles this year. |
| Joe stel die vergadering in kennis dat alle nuwe ingange toegegooi sal word en dat slegs die amptelike roete oop sal wees. | Joe informed the meeting that all new entrances will be blocked off and that only the official route will remain open. |
| 6.14.1 **VOETSLAANPAD** | 6.14.1 **HIKING TRAIL** |
| Walter stel Otto aan die woord. Otto lig die vergadering in oor die voetslaanpad. Dit is | Walter request Otto to address the meeting. Otto informed the meeting that the hiking |

| | |
|---|---|
| voltooi. Die voetslaanpad begin aan die oorkant van Herman Stofberg se huis en eindig ook daar. Dit beslaan 2 km. en neem ongeveer 40 minute se stap. Daar is 'n komitee wat na die Voetslaanpad kyk. Nog twee uitkykpunte gaan geskep word. Otto versoek ook donasies vir die instandhouding van die pad. | trail is completed. The entrance is opposite Hermans Stofberg's home and also ends there. It extends over 2 kilometers and also takes about 40 minutes to complete. A committee takes responsibility for the trail. Another two look out points will be opened. Otto requested donations for the maintenance of the trail. |
| **6.15 BIBLIOTEEK** | **6.15 LIBRARY** |
| Walter noem dat Hylien de Jonge en Anita Swanepoel werklik groot erns maak van hul werk om die Biblioteek van die OIV te bestuur. Die getal persone wat die biblioteek gebruik, het goed gegroei. Baie skenkings van boeke is ontvang. Die oortollige boeke word by verdienstelike instansies, soos tehuise vir bejaardes, die Hospice en Helpende Hand afgelewer. | Walter mentioned that Hylien de Jonge and Anita Swanepoel approach the Management of the OBRA Library seriously. The number of people utilizing the library has grown substantially. Many people donated books. They deliver surplus books to organizations in need of books, amongst others to old age homes, The Hospice and Helpende Hand. |
| **7. NUWE SAKE** | **7 NEW MATTERS** |
| **7.1 THYSPUNT KERNKRAG** | **7.1 THYSPUNT NUCLEAR ENERGY** |
| Walter noem dat na hy inligting op WhatsApp geplaas het oor die Nasionale Kernkrag reguleerder se (NNR) kennisgewing dat Thyspunt op nuut oorweeg word vir 'n kernkrag sentrale, het Gawie Viljoen en andere per e-pos versoeke gerig het vir 'n vergadering. Henk Bloem het ook versoek dat 'n vergadering in Desember gehou word wanneer meer eienaars dit kan bywoon. Die NNR sluit op 20 Desember. Slegs 26 persone van Oesterbaai het aangedui dat hulle so 'n vergadering sal bywoon. Nadat Mnr. Moonsamy, kommunikasie persoon by die NNR, van die hoeveelheid persone in kennis gestel is wat die vergadering versoek, is daar nie weer van hom gehoor nie. | Walter mentioned that after he posted on WhatsApp the information about the NNR notice that Thyspunt is again considered for a nuclear power station, Gawie Viljoen and others requested per e-mail a meeting with the NNR. Henk Bloem also requested a meeting during December when more owners can attend. The NNR closed on 20 December. Only 26 persons from Oyster Bay indicated that they will attend such meeting.On enquiry from Mr. Moonsamy, communications person at the NNR, regarding the number of people interested, no further response was received from him. |
| Walter noem dat sy brief aan die NNR namens die OIV aan alle inwoners op die WhatsApp vakansiegroep geplaas is. Hy sê dat enige inwoner, of eienaar wie se mening verskil, is welkom om met hom in gesprek te tree. | Walter mentioned that his letter to the NNR on behalf of the residents was posted on the WhatsApp vakansie group. He said that if any owner who may have a different opinion, they are welcome to discuss the matter with him. |
| Kobus Du Toit vra of die persone wat die vergadering van 15 November gelei het, nie detail gegee het nie. Walter noem dat dit net 'n inligtingsessie was en dat formele besware nie aangehoor is nie. | Kobus Du Toit enquired if the persons, who arranged the meeting on 15 November, have not provided more information. Walter said that it was only an information meeting and formal objections were not accepted. |
| Henk Bloem noem dat dit die inwoners van Oesterbaai se reg is om openbare deelname in die proses te hê. Hy spreek die opinie uit dat die | Henk Bloem mentioned that the residents of Oyster Bay have the right to public participation in the process. He mentioned the opinion that |

| | |
|---|---|
| OIV die NNR hof toe moet neem, maar besef dat die OIV nie oor genoeg fondse beskik nie.<br><br>Susan van Rensburg noem dat 6 wetenskaplikes (hoogs opgelei) 2 apparate in verskeie huise geplaas het om te bepaal hoeveel Argongas binnenshuis is. Joe noem dat indien so 'n projek beplan word, word moniteringsapparate geplaas om deel van 'n basismodel te wees. Die apparate is nodig as deel van deeglike navorsing. (Dit sluit die see, atmosfeer, plante, diere, alles in).<br><br>Joe noem dat die grootste probleem die konstruksie sal wees. Hy sê ook dat hy aanvaar dat die naaste roete St Francis sal wees en nie Oesterbaai nie. Hy sê ook dat die finale konstruksieplan aan Oesterbaai inwoners gegee moet word. Walter meld dat hy 'n omgewings impakstudie onder oë gehad het wat 'n tweede toegangsroete tussen Oesterbaai en Umzamowethu aandui. | OBRA should take legal action against the NNR, but know that inadequate funds are available.<br><br>Susan Van Rensburg mentioned that 6 scientists (highly trained) installed two devices in various homes to measure the amount of Argon gas. Joe responded that this forms part of the planning of such project as part of a basis model. The devices are needed as part of the research. (It includes the ocean, atmosphere, plants, animals and much more).<br><br>Joe mentioned that the construction will be the biggest problem. He said that he accepts that the nearest route will be St Francis. He further said that the construction plan must be given to all Oyster Bay residents. Walter mentioned that he has seen an environmental impact study which indicates a second access route which runs between Oyster Bay and Umzamowethu. |
| **7.2 SPORT FASILITEITE**<br>David Gerson verneem na rekreasie fasiliteite vir jong kinders tydens vakansies, soos 'n tennisbaan. Walter meld dat die erf waarop die huidige vervalle tennisbane is, verkoop is.<br><br>Walter meld dat hy so 'n inset kan doen, maar weet nie of dit by die Munisipaliteit prioriteit sal geniet nie.<br><br>Joe noem ook dat die behoefte aan fondse in die Wyk groot is. Daar is baie uitdagings. Sea Vista is ook deel van hierdie Wyk. Joe meld dat die OIV jaarliks insette tot die IDP maak. Jeffreysbaai het byvoorbeeld baie meer inwoners wat fasiliteite gebruik. Rekreasie is 'n laer prioriteit. Hy noem dat daar groot ontwerpprobleme in Umzamowethu is – die rioolstelsel is byvoorbeeld 'n nagmerrie en is 'n groter prioriteit.<br><br>Adriaan noem dat die sportfasiliteite (opelug gim, netbalbaan, sokkerveld) wat opgerig is in Umzamowethu, tot niet gegaan het. | **7.2 SPORTS FACILITIES**<br>Davis Gerson enquired about recreational facilities for young children on holiday, for example a tennis court. Walter reported that the erf, on which the current run down tennis courts are, has been sold.<br><br>Walter mentioned that he can do such submission, but doubt if it will be a priority with the Municipality<br><br>Joe also mentioned that the need for funds in the Ward is huge. Sea Vista is also part of this Ward. Joe mentioned that OBRA submit inputs annually for the IDP. Jeffreys Bay for example has many more residents who utilise facilities. Recreation is a lower priority. He mentioned that huge planning problems exist in Umzamowethu – the sewerage system is a mess and a bigger priority.<br><br>Adriaan mentioned that the sport facilities created in Umzamowethu (outside gym, netball pitch, soccer field) all has have been destroyed. |
| **8. VERKIESING VAN BESTUURSLEDE**<br>Walter lig die vergadering in dat die Ondervoorsitter, Riekie Pienaar, se termyn as bestuurslid verstryk het. Sy is egter weer verkiesbaar. Die Vergadering aanvaar dit. | **8 ELECTION OF COMMITTEE MEMBERS**<br>Walter informed the meeting that the term of office as Management Committee member of the Vice-chairperson, Riekie Pienaar, has lapsed. She is Available for re-election. The meeting |

| | |
|---|---|
| | accepted her election. |
| Maranda Degenaar het lank gelede reeds aangedui dat sy graag van hulp wil wees. Sy is formeel genomineer. Dit word verwelkom en aanvaar. | Maranda Degenaar has for some time indicated that she is prepared to assist. She was duly nominated. The meeting welcomes and accepted her election. |
| **9. BEDANKINGS**<br>Walter bedank die Bestuurskomitee lede, die Oesterbaai inwoners en eienaars vir hul hulp en ondersteuning.<br><br>Hy noem dat die Burgemeester en vorige Speaker hom en die OIV bedank het. Die verhouding tussen hulle en Oesterbaai is baie goed. Die nuwe Speaker het ook besoek kom aflê. 'n Kantoor word ingerig vir die nuwe Wyksraadslid. | **9 ACKNOWLEDGEMENTS**<br>Walter thanked the Management Committee, the Oyster Bay residents and home owners for their assistance and support.<br><br>He mentioned that the Mayor and previous Speaker thanked the OBRA for the good relationship. The new speaker also visited Walter and Adriaan. An office for the new Ward Councilor is being prepared. |
| **10. AFSLUITING**<br>Walter wens elkeen 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2022 toe. Hy noem dat die OIV weer sal staatmaak op almal se ondersteuning.<br><br>Alle verslae en notules is beskikbaar by https://oesterbaai.info<br><br>Walter verdaag die vergadering. | **10 CLOSURE**<br>Walter wished each one a Merry Christmas and Prosperous 2022. He mentioned that OBRA will again rely on every one's support.<br><br>All reports and minutes is available at https://oesterbaai.info<br><br>Walter closed the meeting |

| ………………………………………… | ………………………………………….. | ………………………………… |
|---|---|---|
| **GOEDGEKEUR** | **SEKRETARESSE** | **DATUM** |
| **W J KURTEN** | | |

**VIR GOEDKEURING TYDENS DIE AJV, DESEMBER 2022/TO BE APPROVED AT THE AGM, DECEMBER 2022**